Die Krugertjie

(Weeklikse gemeenteblad)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Jan Fanoy 0836419742
Epos: jfanoy@wsmleshika.co.za
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster
0823772108
Orrelis (aflos): Br Jaco Viljoen (0765546527)

Die Krugertjie
www.gk-pretoria.weebly.com

Was in die jare 1929– bekend as *Kerkstem*
40 jaar later het dit geword *Onder die herderstaf*

18 Januarie 2015 (3)

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Deuteronomium 33:1-15; 24-29
Teks: Deuteronomium 33:25
Sing: Ps. 107:1,5; Ps. 119:3; Ps. 71:1,6,9; Ps. 105:1,10

YSTERSKOENE VIR RUWE PAAIE

Die stryd wat vir die gelowige in 2015 wag vereis besondere “skoene”.

KATKISASIE– Katkisasie begin vandag. Alle katkisante en ouers word versoek om na eerste erediens in kerkgebou agter te bly vir die gesamentlike opening van klasse vir die jaar. Die nodige indelings en werk word ook voorgehou.

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: 1 Kronieke 29:10-30; Mattheus 6:1-18
Kategismus: Sondag 52b
Teks: 1 Kronieke 29:10-13
Sing: Ps. 68:15; Ps. 59:3,5; Ps. 72:11

DIE EINDE VAN DIE VOLMAAKTE GEBED

Aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen

KATKISASIE-ROOSTERS EN LESSE 2015
Katkisasielesse vir die Laerskool het ons klaar op internet begin laai.
U kan dit aflaai by http://bit.ly/1yf1sCs

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by ‘n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 5 en 6
Ouderlinge: Nico v/d Dussen
Diakens: Aalwyn Wolmarans en Reuben Grobler

Volgende Sondag (25/01/2015)) – Wyke 7 en 8
Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Albert Schmidt
Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Ekumenisiteit Intand-houding
25/01/2015 **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger - kinderhuis DVB	Jeugsorg Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
20/01	Finans-Adviesvergd
22/01	Kerkraadsvergd
15/02	Voorbereiding
19/02	Oudl-verslagvergd
22/02	Nagmaal en Nabetragting

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... . **Br Martin Tredoux** wat baie groot hart-operasie moes ondergaan is ons gebed dat hy spoedig volkome mag herstel. Ons is saam met sr Elsa dankbaar vir die goeie vordering wat daar reeds is. **Br Johan Schalekamp se susterskind** is baie ernstig siek in Milpark hospitaal in Johannesburg. Sy het reeds hartoorplanting moes ontvang waar haar toestand steeds kritiek is. Mag ons as gemeente ook aan haar en hulle as familie in ons gebede aan die Here opdra. **Sr Winnie Lourens** wat met tye las van haar gesondheid het word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons dink ook aan **br Willie Buys** wie se gesondheid hom swaar dae laat beleef. So bly ook **ds. Andries Mulder** in ons gebede. Medegelowiges wat lank reeds met hulle gesondheid worstel word nie vergeet nie. **Susters Cora Kruger, Anna Eloff en Rina Aucamp.**

GEHOORHULP

Dit is moontlik om in en rondom die kerkgebou deur middel van u radio of radio op u selfoon op die eredienste in te skakel. Dit kan met groot vrug gebruik word sou u gehoor ook nie meer is wat dit moet wees nie. **Die frekwensie waarop u u toerusting moet stel is FM 101.8.**

JAARKALENDERS IS GEREED

Ons kalenders met ons jaarbeplanning vir 2015 is gereed. Ons vra dat u sovêr moontlik u kalenders in konsistorie kom afhaal. Skryf asseblief net u naam op as u een neem. U moet ook daarop let dat ons die wyke se nommers numeries herstel het.

Die Almanak boek met al die kerke se gegewens en dagstukkies is daar weer in die konsistorie beskikbaar.

SUSTERSAAMTREK 2015

Alle susters is reeds uitgenooi na vanjaar se sustersaamtrek by die Gereformeerde kerk Meyerspark. Dit vind plaas DV Saterdag 7 Maart 2015. Die tema is *Julle is Sout en Lig.* Spreker is Stephan Joubert. Koste is R125. Almal wat graag wil gaan moet solank hulle name by sr Christine opgee.

KONINGSKINDERS-ETE

As dit moontlik is om te help met ’n ete op 6 Feb. 2015 vir die koningskinders-projekte kan u asseblief met sr Christine praat. Sy sal die nodige reëlings graag wil deel dat ons vir ons kinders in ons volk en uit ons stad ook op die wyse meer kan beteken.

SPREUKE

Vervolg van verlede week

SPREUKE 6:35

6:35. Omkoopgeskenk – Die sewevoudige terugbetaal deur `n dief geld nie by ontug nie. Dit is `n skade en `n seer wat nie afgekoop kan word nie. In Moses se wette het God daarom ook die doodstraf vir beide die man en vrou na ontug beveel.

SPREUKE 7

Die vermaning oor ontugtugheid gaan direk voort van Hfst 6 af. Eers hierna word Wysheid besing in Hfst 8 en 9.

7:1,2. Die "formulier"-woorde van vermaning word weer herhaal om opnuut die belang van die lering te beklemtoon.

Oogappel – Soos die mens se reaksie om sy oë te beskerm, so moet ons ywerig die Wysheid vashou. Die oog dui op enigiets wat vir `n mens delikaat en waardevol is.

7:3. Vingers … hart – Dit is ook twee dele van die liggaam wat mens byna outomaties beskerm. Hoe belangrik is dit nie in jou lewe nie ! `n Ring aan die vinger is bv altyd in die oog, soos die bruid in Hooglied 8:6 vra dat haar man haar soos `n seëlring moet dra: aan sy vinger en op sy hart. Die skrywer kon beslis ook dele uit die boeke van Moses in gedagte gehad het, waar die HERE beveel het om Sy Woorde te hou (Deut 6:1-9).

7:4. Suster – Wysheid moet soos `n geliefde familielid wees, met wie jy persoonlike sake kan bespreek. As mens in die geskiedenis van Dawid lees, sien jy hoe dierbaar susters vir hulle broers was. Hulle sou selfs moord pleeg as hulle suster onteer word.

Dit herinner aan Christus, die Wysheid, se woorde dat elkeen wat die wil van die Vader doen, Sy broer, suster en moeder is (Mat 12:50).

Verstand – Geloof is ook *kennis*. **Vertroueling –** Mens se gedagtes is jyself. Die Wysheid is soos `n vriend wat jy vertrou. Jou bepeinsing van die waarheid maak dit `n geheime besitting diep in jou hart. Laat oorleg en gesonde verstand jou vriende wees.

7:5. Bewaar – Jou kennis, wat diep in jou gesetel is, moet jou bedag maak teen die ontugtige mense. As jou hart gevul is met liefde tot God, het jy nie `n oog vir die verkeerde nie.

7:6. Op`n baie realistiese wyse word `n onverstandige jongman geteken in sy soeke na ontug. Die leraar "sien" `n toneel, soos dit in die werklikheid gebeur. Dit is deur God so geteken om ons te skok en die werklikheid en die vreeslikheid van ontug te besef. Party verklaarders meen dat die wysheidsleraar iets weergee wat hy self gesien gebeur het – dit is nie onmoontlik nie.

Tralievenster – waarskynlik dwarslatte, wat sou werk soos ons venesiese blinders.

7:7. Verstandelose – Een wat nie na hierdie Wysheid luister nie.

7:8. Haar hoek - `n Ontugtige staan dikwels op `n straathoek, waar sy sigbaar is vir potensiële prooi. Dit het na duisende jare nie verander nie ! Dit weet hierdie eenvoudige, en daarom soek hy die plekke op waar die vrou kan wees.

Haar huis – Dit is `n ontugtige waarvan hy weet of wie hy dopgehou het.

7:9. Die nag – Van vroeg- tot laatnag wag die ontugtige. Nag is die tyd waarin soveel kwaad plaasvind.

7:10. Aangetrek – Verdere realisme in die voorstelling. Verderaan blyk dat hier van `n getroude vrou gepraat word. Sy klee haar uitdagend en "professioneel". Tamar, Juda se skoondogter, het haar ook spesiaal aangetrek toe sy hom gaan voorlê het (Gen 38:14).

Listig – Sy openbaar nie noodwendig dadelik haar bedoelinge nie. Een wat met hierdie dinge besig is, soek die ondergang van ander, al kan hulle die ontmoeting ook hoe terloops en vriendelik laat lyk. Satan, die groot Listige, se werk word gedoen.

7:11-12. Losbandig – BVA verklaar dat die woord kan dui op luidrugtigheid. Dit "druk opgewonde beweging en gedruis uit." Die tipiese ontugtige se bewegings en werkswyse word geteken.

Een verklaarder noem haar "onregeerbaar: Dit kom daarby dat die woord dui op `n dier wat nie getem wil word om trekwerk te doen nie. Vir haar is die huwelik `n juk waaronder sy nie graag buk nie. Vergelyk Hos 4:16, waar die HERE Israel `n ontugtige vrou noem. Sy is die teenoorgestelde van die ingetoë vrou van Titus 2:5.

Buitekant – Die strate is haar werfplek. Sy soek onrustig rond na `n slagoffer.

7:13-14. Die hele toneel van verleiding word geteken om dit so realisties as moontlik te teken.

Onbeskaamde – BVA se verklaring is hier dat sy haar gesig hard maak "(of sterk), d.i. sy is brutaal; daar is geen skaamtegevoel nie."

Gegryp – Totale onbeskaamdheid word nou voorgestel, wat ingestel is op verleiding. Sy word voorgestel soos Potifar se vrou, wat Josef gegryp het.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

13 Jan 1849– Kerkbode verskyn 1ste keer ; *15 Jan 1846*– DF du Toit gebore; *16 Jan 1896*– Eerste Afrikaanse taalkongres vind plaas; *17 Jan 1852*– Zandrivier-konvensie word onderteken; *18 Jan 1677*– Jan van Riebeeck oorlede; *18 Jan 1917*– Ds. Andrew Murray (jr.) oorlede; *19 Jan 1563*– Datum waarop Heidelbergse Kategismus uitgegee is; *19 Jan 1806*– Bataafse owerheid gee Kaap aan Brittanje oor; *20 Jan 1831*– Genl. Piet Joubert gebore; *21 Jan 1854*– Ds. Petrus Postma gebore; *21 Jan 1860*– Eerste gemeente in die GKSA word in die Kaap (Roosterhoek) by Burgersdorp gestig; *22 Jan 1837*– Retief manifes word gepubliseer*; 23 Jan 1699*– WA van der Stel word goewerneur aan die Kaap; *24 Jan 1915*– Genls. Jan Kemp en Manie Maritz as 1914 rebelle word op die dag verslaan; *25 Jan 1981*– Laingsburg vloedramp vind plaas; *29 Jan 1936*– Voortrekkerpers word gestig

BEROEPENUUS en KERKE NUUS—
Beroepe aanvaar-
Proponet JG (Jacques) Tredoux na Dendron/Magalakwin kombinasie
Proponent J-L (Jan Louis) Coetzer na Postmasburg?
Beroepe bedank -
Ds. HC (Charl) van Rooy van Randburg na Bloemfontein-Suid

Wat maak ons gereformeerd? (5) (Dr. Chris Saayman– 2007)
(vervolg van verlede week)
Psalmsang

Die Reformasie het weggedoen met die liturgiese erediens van die Roomse kerk. Prediking en gebed het die hoofsaak van 'n sober erediens geword. Omdat Gods Woord die erediens beheers, is daarop aangedring dat ook die kerklied Bybels moet wees. Dit was belangrik dat die héle erediens (elke element van die liturgie) vanuit die Woord moet opkom, want dán kom dit "van Bo"(teonoom). Dit was voor die hand liggend om slegs Skriftuurlike liedere, en dus in die besonder dieberymde Psalms, te sing. Ook toe later aanvaar is dat Nuwe Testamentiese liedere in die erediensgesing moet word, was die bedoeling nie om die Psalms af te skeep nie. Wêreldwyd is dít steeds'n uitstaande kenmerk van alle gereformeerdes: die groot voorliefde vir die Psalms – omdat gereformeerdes hulself deel weet van die één volk van God in die ou en nuwe bedeling en omdat hulle die Psalms verstaan as die geïnspireerde Woord van God en die geïnspireerde reaksie van Gods volk op Sy liefde en tugtiging. Dit is vir gereformeerdes 'n onopgeefbare rykdom. 'n Kerk wat nie meer Psalms sing en daaraan voorkeur gee nie, kan beswaarlik gereformeerd genoem word. Uit dit alles is dit duidelik dat die gereformeerde geloof nie maar net nóg 'n kerklike "tradisie" tussen al die ander Christelike tradisies is nie. Die bedoeling van die Reformasie was 'n herstel van die outentieke Christelike geloof. Wat 'n rykdom om gereformeerd te mag wees! SLOT

Vandag- Andries Badenhorst 0740447047	21/01– Louis Kruger (sr.) 0842153275
Vandag- De Klerk Prinsloo 0723279163	21/01– Dirk Ochse 0823364104
Vandag- Estie Venter 0728273835	*23/01—Pieter v/d Dussen* *0828205298*
20/01– Johan Heystek 0798796877	25/01– Annetjie Badenhorst 0798874954
20/01– Hannes Vosloo 0836314455	25/01– Willie du Plooy (sr.) 0825696009
21/01– Beatrix de Villiers 0832947619	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

Here, U Logos is my logika; u Testament is my argument; u Woord is my waarborg – CH Spurgeon